



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**FEBRUARIE/MAART 2010**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

- 1.1 Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdien onder die volgende opskrifte:
- 1.1.1 Die aard van goddelikheid (10)
  - 1.1.2 Die aard van menswees, met verwysing na gemeenskap en die individu (10)
  - 1.1.3 Die oorsprong en aard van die bese (10)
  - 1.1.4 Lewe na die dood (10)
- 1.2 Noem die hermeneutiese beginsels wat van toepassing is op die normatiewe bronne van die EEN godsdien wat jy gekies het. (10)
- [50]**

**VRAAG 2**

Suid-Afrika se onaanvaarbaar hoë misdaadsyfer is 'n groot bekommernis vir alle wetsgehoorsame burgers.

Wat kan godsdienstige organisasies doen om hierdie probleem aan te spreek? Bespreek jou antwoord onder die volgende opskrifte:

- 2.1 Die impak van die probleem (6)
  - 2.2 Die standpunte van enige TWEE godsdienste oor die misdaadkwessie (10 x 2) (20)
  - 2.3 Praktiese maatreëls wat godsdienstige organisasies kan tref om die probleem te hanteer (14)
  - 2.4 Gevolgtrekking en persoonlike siening van die kwessie (10)
- [50]**

**VRAAG 3**

- 3.1 'Wetenskap sonder godsdien is verlam, en godsdien sonder wetenskap is blind.'  
– Albert Einstein, wetenskaplike en filosoof

Bespreek die bostaande stelling in terme van die historiese verhouding tussen godsdien en wetenskap. (30)

- 3.2 Daar is baie godsdienstige skeppingsteorieë. Vergelyk EEN Oosterse godsdienssiening (Hindoeïsme, Boeddhisme, ensovoorts) met EEN Midde-Oosterse godsdienssiening (Islam, Christelike godsdien, Judaïsme) van die skepping. (20)
- [50]**

**VRAAG 4**

'Daar sal geen vrede tussen die nasies wees sonder vrede tussen die godsdienste nie. Daar sal geen vrede tussen die godsdienste wees sonder dialoog tussen die godsdienste nie.'

– Dr. Hans Kung, Professor van Ekumeniese Teologie

In die konteks van die bostaande stelling, bespreek kortliks intergodsdienstige verhoudinge onder die volgende subopskrifte:

- |     |   |             |
|-----|---|-------------|
| 4.1 | Die historiese verhouding tussen verskillende godsdienste                 | (10)        |
| 4.2 | Die ontwikkeling van intergodsdienstige dialoog                           | (20)        |
| 4.3 | Die situasie tussen godsdienste in die wêreld van vandag as 'n wêrelddorp | (20)        |
|     |   | <b>[50]</b> |

**VRAAG 5**

- |     |   |             |
|-----|---|-------------|
| 5.1 | Vergelyk en kontrasteer die normatiewe bronne van enige TWEE godsdienste. Jou antwoord moet beide mondelinge tradisies en heilige tekste vir elk van die godsdienste van jou keuse insluit. | (30)        |
| 5.2 | Met verwysing na enige EEN godsdiens, bespreek die aard van die wêreld, en verduidelik hoe dit verband hou met die sentrale leringe van hierdie godsdiens.                                  | (20)        |
|     |   | <b>[50]</b> |

**TOTAAL: 150**

